# STROOM-OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

1STE TERMYN *1986*


# AFFIES VERWELKOM NUWE HOOF

Gené Visagie



*Mej Louisa Venter, nuwe hoof van Affies.*

**8 Januarie 1986 was 'n besondere mylpaal vir die Afrikaanse Hoër Meisieskool. Mej Louisa Venter het op die dag vir die heel eerste keer na die blou-en-wit rokkies gekyk, as hoof en rigtingaanwyser vir die toekoms.**

Mej Venter is in Johannesburg gebore, het aan Tukkies en NKP en aan die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding studeer. Sy het Ba Hons THOD en VDO verwerf en vir lang jare skoolgehou aan, onder andere Hoërskool Staatspresident CR Swart en Hoërskool Langenhoven. Sy was reeds met die intrapslag góéd voorbereid vir Affies!

Op die vraag waarom sy nou juis na Affies teruggekeer het, het sy geantwoord: "Vir baie oud-leerlinge wat 'n bewondering en lojaliteit vir Affies koester, is dit 'n ideaal om eendag terug te kom. Daarom was dit vir my werklik 'n tuiskoms! As jy vra, waarom ek nou eers teruggekom het: ek het by gemengde skole begin skoolhou en dit was vir my 'n uitdaging om daar (in kompetisie met mans!) vir bevordering te werk. Ek het by die mans ook baie goeie lewenslesse geleer, soos dat 'n mens oor 'n saak kan verskil sonder om die **persoon** te verkwalik."

## Gou tuis gevoel

Stroom-op het aan mej Venter gevra of Affies baie verander het vandat sy hier was. "Nee, daarom het dit na 3 weke gevoel asof ek nog maar altyd hier was. Ek was tuis. Baie dankie vir julle vriendelike verwelkoming. Baie dankie vir julle bemoediging, steun en samewerking. Ons jongmense is nog kerngesond!"

## Planne

Juffrou Venter het groot planne vir Affies. Ook hieroor is sy onder kruisverhoor geplaas! "Ek wil graag sinryke tradisies voorsit. Ek wil die hoë standaarde wat Affies kenmerk, handhaaf. Dit moet 'n skool bly op wie elke Affie, oud-Affie en Affie-ouer kan trots wees. Dit geld vir alles: die voorkoms van die Affies (ek beywer my ook om die gebou en terrein te laat opknap!) die akademiese prestasies waarvoor ons bekend is en prestasies op kultuur en sportgebied. Wat van die gewone Affie? Mag ons opvoeding hier elke dogter lei tot die ontplooiing van haar volle potensiaal. Mag sy as 'n gelukkige en gebalanseerde jong dame die wêreld betree."

## Boodskap

Sy het ook 'n besondere boodskap vir die Affies: "Stel vandag nog vir jou 'n korttermyn én 'n langtermynideaal. Kom ons werk almal hard om ons ideale te verwesenlik!"

Met só 'n positiewe en inspirerende hoof aan die roer van sake kan die Afrikaanse Hoër Meisieskool net van krag tot krag gaan!

(Baie welkom, Juffrou, en mag die toekoms vir u én vir Affies net die heel mooiste dinge inhou!) - Red.

## Die seuns verwelkom mej Venter

**Die Affieseuns wil mej Venter baie gelukwens met haar aanstelling as die nuwe hoof van die Afrikaanse Hoër Meisieskool. Die Affies spreek die hoop uit dat sy 'n gelukkige Affie sal wees.**

Die seuns het onmiddellik van hierdie nuwe, vriendelike juffrou gehou wat met haar spontaniteit en fyn humorsin hul harte verower het. Hul voel dat sy 'n groot aanwins is en om 'n nog beter verstandhouding tussen die seuns en dogters te bewerkstellig.

### Ons sien haar wen!

In die kort tydjie wat sy hoof is, het sy reeds haar voete op die wenpad geplaas, want: "Ons sien haar wen!" word bewaarheid.

# *Affies die gevreesde*

Danie Brand

**Op Woensdag, 26 Februarie, het die seuns van die Afrikaanse Hoër Seunskool vir die tweede agtereenvolgende jaar daarin geslaag om die A-bond Interhoër-atletiekbyeenkoms op oortuigende wyse te wen.**

Met 'n totaal van 233, was Affies 54 punte voor hulle naaste teënstander, Menlopark. Dié oorwinning getuig van die krag en diepte wat Affies se atletiek kenmerk.

Reeds vroeg in die jaar was dit duidelik dat Affies die span sou wees om dop te hou. In die vyf byeenkomste voor Interhoër het Affies elke keer teen sterk skole soos Brits, Potch Tegnies en Menlopark oortuigend gewen. Dit was veral die naweek voor Interhoër op die Pam Brink stadion te Springs, toe Menlopark voor 'n skare intoesiastiese Affies verpletter is, dat Affies op die voorgrond getree het.

**ENTOESIASME**

Vanjaar se atletiek is deur 'n besondere gees van entoesiasme en ywer gekenmerk. Die groot aantal seuns wat aan die atletiek deelgeneem het, het dit moontlik gemaak dat die beste span uitgesoek kan word. Veral die seniors het hul deel bygedra en 'n hele paar sterk nuwe senior-atlete het sterk na vore getree.

Onder leiding van mnr Swanepoel en sy mede-afrigters het die seuns elke middag hard geoefen. Veral in die veldnommers, wat altyd een van Affie se swakpunte was, is 'n groot verbetering waargeneem.

Al hierdie faktore het bygedra tot Affies se oorwinning op Pilditch. Die seuns kon die byeenkoms benader met die wete dat hulle goed voorbereid was en het dus 'n sielkundige voordeel gehad.

**PILDITCH**


Die groot dag het aangebreek en elke Affie, toeskouer of atleet, is met 'n gevoel van afwagting na die Pilditch-stadion. Toe die eerste puntetelling aangekondig word, het menige Affie se hart byna gaan staan — Affies was vriende! Later die dag het Affies egter opgeskuif na die tweede plek en het nog later uiteindelik sy regmatige plek aan die voorpunt ingeneem. Tóé was daar net geen keer aan die Affies nie en het die voorsprong al langer gerek.

**PAALSPRING — VAN AS**

Heelparty Affies het werklik uitstaande prestasies gelewer. Iemand waarvan egter spesiaal melding gemaak moet word, is die 0/17 paalspringatleet, Corné, "Muis" van As. Hierdie seun het weer eens besondere roem vir homself en die skool ingeoes, toe hy vir die tweede keer hierdie jaar die Suid-Afrikaanse 0/17 paalspringrekord verbeter het. Muis se rekord staan nou op 4 meter 65 cm, 'n hoogte wat hom selfs onder die senior-atlete 'n groot naam sou maak. Verder het die Affieseuns 13 medaljes vir besondere prestasies ingeoes en het hulle daarin geslaag om talle eersteplekke te behaal.

Die feit dat Affies hierdie jaar weer die atletiek gewen het, het diegene wat beweer het dat Affies verlede jaar per geluk gewen het, goed op hul neuse laat kyk. Dit is nou duidelik dat Affies die groot kanon in Noord-Transvaalse atletiek is. Die krag wat so duidelik in die atletiek na vore gekom het, voorspel ook net goeie dinge vir vanjaar se rugby, waar Affies gaan probeer om vir die derde agtereenvolgende jaar die Administrateursbeker vir rugby in te palm.

Aan mnr Swanepoel en sy atlete: baie geluk met 'n puik oorwinning — die beker is nou vir die tweede agtereenvolgende jaar weer waar hy moet wees!



*AHS se hoofseun en atletiekkaptein, Meyer Nel, ontvang die beker vir die seuns. Interhoërbyeenkoms van mnr Bolsen verteenwoordiger van Rentmeester.*

## REDAKSIE 1986

**Redakteur**
Con Purchase

**Redaktrise**
Gené Visagie

**Sub-redaktrise**
Hanneke van der Westhuizen

**Sub-redakteur**
Danie Brand

**Algemeen**
Werner Bornman
Jasper Burden
Evan Andreau
Jan-Albert van den Berg

**Sport**
Bennie Bouwer
Rankin le Roux

**Kultuur**
Luan Kloppers
Alwyn Kaltwasser

**Foto's**
Gert Nothnagel
Dirk Wijnbeek
Albert Pretorius
Bennie du Toit

**Kultuur**
Carla Pretorius
Tyna Mössmer
Helena Barnard
Nicola Botha
Esthea v. Schalkwyk

**Sport**
Esté Windell
Karen van Vuren
Cornel Breytenbach
Ronél de Beer
Anna-Maria de Jesus
Juanita du Venage

**Algemeen**
Esmé van Achterbergh
Andrea Steynberg
Hedwig Barry
Christa van Kerken

**Reklame**
Juanita Poolman
Janine van Staden


**REDAKSIONEEL:**

*Liewe Hanneke*
*Hoop jy voel gou baie beter! Ons mis jou hier by Stroom-Op! Word gou gesond dat jy ons kan kom help.*
*REDAKSIE*
*1986*

# AFFIES SE EIE MENING:

*Geagte Redaksie*

*Waarom?*

*Die doel van 'n sogenaamde koerant as sulks is naamlik om hoogtepunte sowel as laagtepunte te rapporteer aan betrokke belangstellendes. Die volgende vrae is dikwels gevra maar is nog nooit beantwoord en opgetree nie. Nadat 'n petisie opgestel is, is daarteen opgetree.*

*Waarom is dit slegs die gewilde persoonlikhede wat altyd in die koerant verskyn en nooit die ander skoliere met 'n laer profiel nie?*

*Waarom is dit altyd met die eerstespanne in sportsoorte waaroor gerapporteer word — daar bestaan wel tot 'n 10de span wat ook net so deel van die skool is soos die eerste rugbyspan.*

*Waarom moet ons in ons skoolkoerant lees, op die voorblad hoe en wanneer ons die "Admin," gewen het. Wanneer ons dit in die jaarblad wéér lees? Waarom nie die spasie beter benut vir meer artikels nie?*

*Waarom moet ons altyd net lees van die skool se hóógtepunte en nooit van die laagtepunte nie?*

*Neem as voorbeeld, die weglopery van verlede jaar na Interhoër — nêrens is dit in die Stroom-op vermeld nie. Was dit nie 'n gebeurtenis wat minstens middelblad kon haal nie? Dit is wel so dat die skool se naam in ag geneem moet word maar nogtans, waarom is dit nie eens vermeld nie?*

*Waarom? Waarom? Weer eens kan dit gevra word maar as niemand iets openlik mag bevraagteken nie, hoe kan iets dan na wense verbeter word? Al wat moontlik sal help, is as almal saamstaan en optree en vra: "Waarom?"*

*Johann van Loggerenberg 10D*
*Neil v d Walt 10D*
*J Snyman 10D*

*Red. Om net waarom te vra en nie self iets te doen nie, help nie! Die beste touleier sit in elk geval op die voorbok. Waarom presteerders die eer wat hul toekom misgun? Kleinlike jaloesie is 'n ongeneeslike siekte wat die "lyer" skaad. So jammer dat die "klaers" nie die Affies se wenvreugde deel nie! 'n Mens met selfrespek hang* ***nie*** *sy vuil wasgoed in die openbaar nie!*

## Geagte Redaksie


**SAMEWERKING?!**

Die vraag:
"Wat dink jy van die samewerking tussen ons en Seuns Hoër?
Antwoorde:
- "Samewerking? Sámewerking?! Ha! Behalwe Meyer en Karen, Muis en Liesel . . . is daar nie veel nie, hoor!"
- "Niks! Minder as niks. Dit pla nie veel nie! Tog, daar's twee outjies . . ."
- "Zero! Zero! Zero!"
- "Twak man, watse samewerking? Daar's geen samewerking!"
- "Dis regtig nie nodig dat ons so baklei nie. Dis irriterend. Onnodig!"
- "Ag man, kyk na verlede Saterdag se sokkie. Die ouens het ons net so ge'drop'. Wat van die fliek voor Interhoër? Omtrent nie 'n ou in sig nie. Hulle doen nie hulle deel nie; hoekom moet ons?"
- "Hu? 'n . . .'n . . .'n . . .hm. Samewerking? Dis nie baie goed nie!"
- "Sámewerking? Dink jy so iets bestaan in Afies se woordeskat?"
- "Ie-ha! Hie-ho, Hie-ho! Hie-ho!"
- "Oe-ee-ee! Wat dink jy dáárvan?! Hang af wat jy bedoel . . ."
- "Kyk, ek werk liewers saam met Menlopark of Waterkloof as saam met daai spul. Hulle verwag ons meisies moet soos onnosel skape agter hulle aanloop en hulle oral ondersteun, terwyl hulle nooit lojaal aan ons sal wees nie. By die atletiek 'cheer' hulle ons selde, hulle weet seker nie eens hoe lyk 'n hokkiestok nie en ons sit altyd in ons honderde by die rugby. 'n Mens word moeg daarvoor."
- "Wat het ons hierdie jaar al saam met hulle gedoen?"
- "Sáám . . . Ag, daar's nie veel nie."

Waarom was al die reaksies so negatief?

# OUD AFFIE VAN DIE TERMYN:
## OOM LOUIS P DU PLESSIS

**Oom Louis is op 18 Mei 1906 te Potchefstroom gebore. Sy ouers het gedurende dié jaar na Bronkhorstspruit verhuis waar sy pa die leraar was.**



*Oom Louis du Plessis*

Hy voltooi sy laerskoolloopbaan op Bronkhorstspruit en in standerd 7 kom hy na Affies. Dit was in die jaar 1921, Affies se bestaansjaar. Oom Louis was een van die eerste leerlinge wat op Affies skoolgegaan het en hy het toe ook in die ou koshuis tuisgegaan.

**Sportman**

Hy speel rugby vir die 0/14-span en die eerste span. In die swembad het hy saam met die Dyson-broers Affies se naam hoog gehou.

**Beroepslewe**

Nadat oom Louis in 1924 sy matriekjaar voltooi het, het hy by die Landbank aangesluit en hy het by die bank gewerk tot-en-met sy aftrede in 1972. Oom Louis was 'n flink werker en het vinnig vordering gemaak en word in 1937 as rekenmeester op Potchefstroom aangestel. In 1948 word oom Louis die bankbestuurder te Beaufort-Wes.

In 1961 word oom Louis die Hooftakbestuurder van Pretoria en in 1964 word hy aangestel as Hoofkantoor inspekteur.

**'n Ware Gesinsman**

Oom Louis ontmoet sy vrou, toe M E Kriel, in 1930 op Cradock waar sy 'n onderwyseres was by Boys' High. Hulle trou in 1934 en daar is 3 kinders uit die huwelik gebore. Oom Louis het vandag 11 kleinkinders en 1 agterkleinkind.

Oom Louis geniet vandag nog goeie gesondheid en hy en sy vrou speel gereeld rolbal. Hy het na sy aftrede vir die D B V gewerk en word sekretaris in 1974. Hy word bevorder tot bestuurder van die Wattlootak en beklee die pos van 1974-1979. Hy dien as vise-voorsitter op die D B V-Raad tot en met 1983.

**Kattekwaad**

Soos 'n tipiese Affie het oom Louis ook gedurende sy skoolloopbaan kattekwaad aangevang. Hy onthou nog van die dae wat hulle gaan vrugte steel het. Hy en 'n paar van sy maats wou weer 'n boord gaan besteel, maar daar was altyd 'n wag. Oom Louis-hulle kry toe 'n brandwag wat hulle moes waarsku indien die wag kom, sodat hulle kan vlug. Ongelukkig was hierdie brandwag nie baie wakker nie en word die seuns op heterdaad betrap. Tydens hulle vlug word een van die seuns met 'n stuk bloudraad oor sy kop geslaan. . . Eers die volgende oggend is ontdek dat daar waar die draad hom getref het, geen hare was nie!

Die redaksie wens oom Louis en sy vrou nog baie voorspoedige en gesonde jare toe.

# Mnr Kruger se ander helfte: Mev Kruger



*Mev. Marietjie Kruger*

Affies het nou al daaraan gewoond geraak om die hoof, mnr Kruger, in die skool se gange te sien rondloop. Iemand wat ons egter nie so goed ken nie, is mnr Kruger se vrou, mev Marietjie Kruger.

Mev Kruger is 'n Transvaler in murg en been — gebore en getoë in Groblersdal waar sy haar hoërskoolloopbaan aan Ben Viljoen voltooi het. Sy het aan die Normaalkollege te Pretoria studeer. Dis hier op kollege, waar sy mnr Kruger ontmoet het.

**Stokperdjies**

Mev Kruger is 'n vrou met vele belangstellings. Haar stokperdjie is pottebakkery en as 'n mens in haar huis rondstap, is voorbeelde van hierdie stokperdjie orals te sien. Verder stel sy ook in hekel, musiek, kook en vele ander dinge belang.

**Onvriendelik**

Toe ons mev Kruger vra wat sy van Affies dink, het sy geantwoord dat die kenmerk wat haar sover die meeste beïndruk het, die absolute lojaliteit is wat die seuns teenoor die skool openbaar.

Verder het sy egter ook gesê dat die seuns sover nog baie onvriendelik teenoor haar was. Wanneer sy saam met haar man op die terrein rondstap, groet die seuns altyd haar man, maar nooit vir haar nie. Sy sal ook graag wil weet dat die seuns haar ken en raaksien.

**Kinders**

Behalwe vir mev Kruger is daar nog 'n (mooi) dogter wat op Meisies Hoër skoolgaan (maar die seuns is bang vir pa) en twee seuns, beide op universiteit, wat deel van dié Krugergesin is.

**Staan haar man by**

Dié wat mev Kruger al ontmoet het, het mev Kruger leer ken as 'n blymoedige, spontane mens. Sy is 'n wonderlike mens wat haar man deur dik en dun bystaan — sy belange is ook háár belange.

Die redaksie wens mev Kruger alle sterkte toe vir die volgende jare wat sy saam met Affies gaan deurbring.

# ONS GROET MEV VAN DER HEEVER

**Om 'n bekende werkplek na 20 jaar te verlaat, is geen maklike taak nie; om 'n uitstekende onderwyseres te verloor 'n onbegonne taak.**

Mev. Joan van den Heever verlaat die AHM aan die einde van die eerste termyn. Hierdie nuus was eers vaag en onwerklik, maar het 'n realiteit geword saam met die herfsblare wat nou verskyn.

Na 'n dienstydperk by UNISA het mev Van den Heever 20 jaar gelede met ywer en entoesiasme kom inval in die akker van die Afrikaans en het sy geslagte matrikulante gehelp om 'n hoë standaard in die Taalkunde te handhaaf. Hiervan getuig puik matriek- sowel as Olimpiade-uitslae.

Almal gaan mev Van den Heever mis: die jaarbladredaksie waar sy so getrou werksaam was met die foto's, die debatskomitees, die dames van die personeel vir haar vriendskap en die feit dat daar altyd voorrade was wanneer 'n droë keel tussen periodes gelaaf moes word.

Maar waar die langste trane gehuil gaan word, is onder die Affies, waar sy met soveel vasberadenheid en getrouheid jaar na jaar haar plig uitgevoer het, want mev Van den Heever het haar nie sommer van siektetjies in die bed laat hou nie. Sy was slegs afwesig tydens ernstige siekte in die familie en tydens die afsterwe van haar eggenoot en haar moeder.

Stroom-op groet hierdie geëerde dame namens duisende Affies wat haar in hulle harte bêre. Namens almal aan wie se opvoeding sy haar gewy het, sê ons dankie. Ook 'n groot dankie vir die middae en Saterdae in die verlede toe sy netbal en atletiek afgerig het en baie dankie vir die hede se redenaarskompetisies, debatsaande en Olimpiade-ondersteuning.

Geniet die vroeë aftrede saam met u kinders en vriende en dink aan die Affies, wanneer u jaarliks oorsee rondkuier.



*Mev van der Heever*

# AFFIES IN AMERIKA VERTEENWOORDIG!


Esmé van Achterbergh

**Reeds vir die afgelope 3 jaar is die naam Lucie van den Berg glad nie onbekend by Affies nie. Ja, dit word onmiddellik gekoppel aan viool; eerste pryse in kunswedstryde, kompetisies en nogmaals kunswedstryde (onder andere ook kategoriepryswenner gehou in Port Elizabeth).**

Hierdie keer is dit egter 'n heel besondere prestasie: Lucie is as wenner van die Interlochen Musiekkompetisie aangewys en kwalifiseer sodoende om vir twee maande in die Wêreldse Simfonie Jeugorkes te speel. Dit sal plaasvind in Amerika te Michigan. Dié orkes, waarin Lucie eerste viool sal speel, bestaan uit jong lede van vyf-en-twintig lande en dit mag bygevoeg word, dat net twee uit Suid-Afrika gekies is: Lucie natuurlik en Adrian Jones van Port Elizabeth.

Lucie se musieklewe het op 5-jarige ouderdom begin en in dié 10 jaar het sy gevorder tot op Gr. VIII-standaard in beide viool en klavier. Sy ontvang haar opleiding by prof Jack de Wet en het reeds (gedurende Julievakansies) in die TOD-orkes sowel as die Nasionale Jeugorkes opgetree. Ook is sy by Affies bekend as lid van 'n besondere trio; die ander lede is natuurlik Lucie se jonger sussie, Anoet, wat tjello speel en Lize van Zyl as begeleidster op die klavier.

Lucie beplan om haar studies in musiek voort te sit en wil dit graag in Amerika doen. Ons hoop inderdaad dat haar deelname in Julie en Augustus oorsee haar 'n stappie nader sal bring aan die verwesenliking van haar ideaal.



*Lucie van den Berg*

# AFFIES WORD 66 JAAR

**Op 28 Januarie 1922 is Affies gestig. Vanjaar is dit 66ste bestaansjaar op luisteryke wyse gevier.**



*Mnr P Edwards en mej L Venter*

Die leerlinge het Affies se eerste Springbok in die saal ontmoet. Oom Erik Grunbeek het meer kom vertel van Affies in die jare toet. Oom du Plessis, wat in 1921 in matriek was, was ook hier en dit het almal diep onder die indruk gebring van wat Affies werklik vir 'n mens beteken.

Mnr P Edwards het meer vertel van Affies se geskiedenis en het vir die leerlinge twee films gewys. Die twee films het die verandering in Affies mooi geïllustreer.

Na die saalperiode het die partytjie begin. Die dogters van Meisies Hoër het by die seuns kom kuier en hulle het die eetgoed verskaf. Die seuns het op hulle beurt die drinkgoed verskaf. Daar is heerlik gesels en die uur het veels te vinnig verbygeglip. Almal was dit eens: Affies is en sal altyd die beste skool bly!

# SLAKKE!

**Op Vrydag, 24 Januarie is die Brakwaterslakke uit Japan wat in Meisieshoër se tuine beland het, onthef. Die ontheffing is gedoen by wyse van 'n groentjiekonsert wat die Slakke aangebied het.**

Die Slakke het aan die begin van die jaar deur 'n tegniese flater by Meisieshoër aangeland. Hierdie hele besending was eintlik vir die Seunskool bedoel as bemesting — of so is die rede vir hulle koms aangevoer. Gelukkig het die Medusas hulle onder hul gesag geneem en daar is begin met 'n streng rehabilitasieprogram. Met dié program is die ware redes vir hulle koms uitgevind.

Die ware redes is dan ook uitgebeeld in die jaarlikse groentjiekonsert. Almal was verstom. Niemand het verwag dat sulke diep dinge 'n st. 6 al kan teister nie. Die storm-en drangjare, die Franse kookkuns wat een te veel geword het, bekommerde moeders wat hulle strandsotte en wilde kinders onder goeie toesig wou plaas, vrese vir spoke en duiwels en liefdesprobleme het die Slakke almal na 'n beter tuin gedryf — Affies se tuin.

Met die groentjiekonsert is hulle verhef uit hulle onbenydenswaardige Slakkeposisie. Die Medusas kon sowaar ware Affies van hulle maak! Nou is dit hulle beurt om Affies se naam hoog te hou. Sterkte Slakke!



*Fanie Naudé is 'n mannetjie wat ook nie op hom laat wag nie.*

# VALENTYN'S DAG



*Johan Myburgh sê dit met blomme*

**14 Februarie: Valentyn's Dag**

**Elke seun en dogter se hart het daardie dag 'n bietjie vinniger geklop. Reeds vanaf Donderdag was daar al groot opgewondenheid en met al die reëlings en beplanning, moes Vrydag 'n sukses wees.**

Vrydagoggend het elke seun vir die meisie van sy hart 'n roos of twee "aangeskaf". Soms moes 'n angelier ook doen. Die meisies moes weer sorg vir 'n dankie met smaaklike versersings.

Liefdesbriefies en -kaartjies is so teen 09h00 se kant oor en weer gestuur. Daar was baie geheimsinnige verrassingskaartjies. . . Vra maar vir Willemse!

Die hoogtepunt was natuurlik toe die seuns na die Meisieskool gegaan het. Elke meisie het 'n blom gekry, die gelukkiges meer.

Die dag was 'n groot sukses en almal sien uit na 14 Februarie 1987!

## Luise word op die regte plek gesoek
### St 6 — Groentjiekonsert

**Affies verander 'n ou tradisie — die Groentjiekonsert word nie net meer vir die leerlinge en personeel opgevoer nie, maar voortaan ook vir die ouers.**

Vrydagaand, 17 Januarie, daag 'n groot aantal st 6-ouers op om hul "nuwe Affies" te sien optree.


Die sesse kwyt hul goed van hul taak en is groot dank verskuldig aan mnr Piet Swanepoel en st 6-onderwysers wat hul so getrou bygestaan het in hul "nood".

Mnr T L P Kruger, die hoof, onthef die seuns van hul groentjiestatus en lyf hul in as volwaardige Affies.

Die Affies hoop die "bulletjies" is reeds gelukkige, lojale en waardige Affies.



*Mnr Edwards se "springertjies" kan gelukkig vinnig op die bles gevind word.*




# ACSV

**ACSV — Na aanleiding van Stroom-Op opskrif: "Ek hardloop met my oë gerig op die wenpaal"**

## Atlete

**Ja, dit is weer atletiektyd. — Alhoewel Interhoër verby is, gaan 'n klompie atlete nog aan! — nie op die baan nie, maar in 'n klas. Hoe is dit moontlik sal jy vra? Nee, ou maat, ons is nie regtig atlete nie, tog is ons atlete vir Christus.**

## Wedloop

Hierdie jaar gaan en wil óns die A.C.S.V., 'n goeie wedloop hardloop. Daarvoor is daar ook oefening nodig. Oefening soos: Bybelstudie, aktuele onderwerpe soos dans, die liefde en dan natuurlik ook ontspanning wat betref uitstappies ens. ens. Ons beplan ook 'n "oefenkamp" waar ons lekker gaan saam gesels, speel, sing en e. . .e. . .e. . .t!!

## Span

Die A.C.S.V. word gelei deur mnr C. Vermeulen en mevv. M. Fullard en A. Diedericks wat hom bystaan.

Is jy al 'n atleet vir Christus? Almal is welkom om te kom inskakel by die A.C.S.V. van 1986 en deel te vorm van 'n atletiekspan vir Christus — Ons sien jou daar!! — jy is baie welkom!

Jan-Albert v d Berg

# Meningspeiling

**Na die Sokkiejol van Saterdag 22 Februarie is daar bevind dat die grootste deel van die Affies by die Seunskool se aanbieding opgedaag het. Dit het gebeur nadat die seniors se dans vir Meisieshoër se skoolsaal geskeduleer was. Na die swak opkoms het Stroom-op ondersoek ingestel. Hier volg sommige se menings.**

**Tanya Eksteen:**
"Daar was niemand nie, nie meisies nie, nie ouens nie . . . Toe gaan ons maar na Seunshoër om te gaan kyk hoe dit daar lyk."
**Marlet:**
"Hier was nie ouens om mee te dans nie!?"
**Olga:**
"Hier was meer onderwyseresse as kinders!"
**Landi Pieters:**
"Daar kleef nog steeds een of ander stigma aan ons Sokkiejol. Onthou jy die keer met die ballonne en die streamers?"
**Karen:**
"Die seuns dink die meisies kan niks reël nie! Alles was puik — die seuns het net nie gekom nie!"
**Amanda Kwaltwasser:**
"As die seuns na hulle skool toe gaan, kan hulle met die St 6-, St 7- en St 8-meisies dans. Kom hulle hierheen, is daar die helfte minder! Kom ons hou net een sokkie."
**André Heese**
"Hier was niks om mee te dans nie."
**Natie van Niekerk:**
"Die meisies het 'n reputasie om 'n flopsokkiejol te hê, dink ek."
**Juanita du Venage:**
"Ek dink die fout het gekom toe hulle afgekondig het dat daar speletjies gespeel gaan word."

Daar is met seuns ook gepraat en aan hulle is dieselfde vraag gestel: Hoekom was so min van hulle by die Meisieskool se sokkie? Die menings het gewissel, maar op die ou einde het die volgende uitgestaan:

"Daar was net één plakkaat en dit was doer in die hoekie ingedruk."

"Die matrieks wou twostep en toe speel al dieselfde goed óór en óór."

"Julle saal het sleg by ons s'n afgesteek."

"Die afkondiging het slegs gelui "sokkiejol in die saal". Ons het eers later uitgevind dat daar in julle saal ook een was."

Ook mej Venter is genader vir kommentaar:

"Die bevindinge is interessant en opbouend (só sou 'n minister kommentaar gelewer het!)"

"Ek stem saam: net een sokkie op 'n keer. AHM en AHS kan beurte maak. Daar moet meer kontrole wees. Leerlinge moet nie heeltyd van een plek na die ander tou nie en tussenin op die kerkterrein (of waar ook al) in "bome" verander nie! Die speletjies was nie vir die dansers nie. Ons praat volgende termyn weer."

(Wel, dit lyk of dit op die ou end gaan wees wat ons almal sáám daarvan maak.!) Red.

# Besoek aan die Lugmag

**Vroeg dié jaar het drie Affieseuns die geleentheid gekry om hul kennis van die omstandighede in Suid-Afrika aan te vul.**


Die leier van die jeugprogram van hierdie Suid-Afrika, Ateljee '85, het Affies gevra om drie van hul seuns te stuur om aan hul program deel te neem. Hul taak sou wees om die bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Lugmag, luit-genl Earp, d.m.v. 'n informele onderhoud oor die radio aan die jeug bekend te stel.

Dit was drie opgewonde Affies wat saam met mnr Coenie Rudolph, omroeper van Ateljee '85 na die Lugmaghoofkwartier in Pretoria gegaan het om luit-genl Earp te ontmoet.

Die onderhoud het in die luit-genl se onthaalkamer plaasgevind en was besonder interessant. Aangesien luit-genl Earp al vir 40 jaar aan die Lugmag verbonde is en o.a. 'n krygsgevangene in die Koreaanse oorlog was, het hy heelparty interessante staaltjies te vertel gehad. Sy tegniese kennis van die verskillende fasette van die Lugmag was ook baie leersaam.

Oor die algemeen was die onderhoud 'n groot sukses en kan die bevoorregte Affies: Danie Brand, Gert Notnagel en Johan Myburgh net dankie sê aan luit-genl Earp en Radio Suid-Afrika vir 'n besonder leersame oggend.

Danie Brand



*Gert beskerm die meisies op die ACSV-uitstappie. Só sterk . . .*

| Fliek saam. . . | Flieksskaal |
|---|---|
| 1. Mnr C Krüger | : Commando Ramba |
| 2. Mnr P Swanepoel | : Death Wish III. . . |
| 3. Mev J van Vuuren | : St Elmo's Fire |
| 4. Mnr Deysel | : Blackout |
| 5. Mnr van Rooyen | : The Jagged Edge |
| 6. Mnr Nel | : Psycho II |
| 7. Mnr Edwards | : Back to the Future |
| 8. Mnr Venter | : Tuff Turf |
| 9. Mej Appelgryn | : Jewel of the Nile |
| 10. Mnr Keyter | : Coccoon |
| 11. Mnr Sheppard | : King Solomon's (snoepwinkel) mines |
| 12. Mnr Dreyer | : One of the Guys |
| 13. Mev Smith | : A Chorus Line |
| 14. Mnr van Huyssteen | : Van der Merwe P.I. |
| 15. Mnr Vermeulen | : Nerd's vocation |
| 16. Mnr Badenhorst | : All of me |
| 17. Mnr van Deventer | : Class |
| 18. Mnr Theron | : Tron |
| 19. Mnr Gordon | : Johnny Dangerously |
| 20. Mnr T Kruger | : Terminator |



*Die matrieks geniet Interhuis*


# PIGLY WIGLY

**FAST FOODS. . . TAKE-AWAYS**


*WE SPECIALISE IN:*
*FISH & CHIPS, HAMBURGERS AND HOT DOGS,*
*CURRY AND RICE, ETC.*

**TEL: 424903**

**125 JOHNSTON STREET** **SUNNYSIDE**

**PIGLY WIGLY FAST FOODS**

Shop 1 & 2 Paragon Court C/r Johnston & Jorissen Str. Sunnyside Pretoria 0002
Tel.: 424903


HYPERAMA
13
7903111452860001
Volgens
Phytagoras
sal.....


IWIZA
11

# IN/UIT

| | |
|---|---|
| Etnies | Punk |
| White Nights | Breakdance |
| Boycut | Bob |
| Kreols | Goonies |
| Seunsandale | Boogy shoes |
| M-watch | Citizen |
| Sun City | Checkers |
| Cascades | Waterworld |
| Stroom-op | Die Beeld |
| Studieklasse | Huiswerk doen |
| Ekstra Skeinat klasse | Ekstra Wiskunde klasse |
| Vlegsels | "Jellie-en-Vla" |

*"Leader of the Pack"*



*Die besige St. 9's*

## Die koshuis — 'n Nuwe "tuiste" vir die sesse

**Die gelukkige, koshuis standerd sesse se hoërskoolloopbaan begin reeds 'n hele dag vóór die ander s'n. Só bevoorreg. . .**

Vol moed en kordaat het hul die voorportaal van hul nuwe "koshuis"' betree om kennis te maak met die "huismense" — wat 'n ontnugtering om te besef jy kan ongelukkig nie jou "familie" kies nie. . .

Baie "skoon" familie in dié "huis" — net jammer hul hou nie daarvan om self skoon te maak nie! Die sesse leer gou 'n besem is nié 'n ding om mee te vlieg nie maar om mee te vee. . . Hulpvaardigheid maak die lewe sovéél makliker — veral hulp aan ander mense om hul beddens op te maak. Veral as dié ou "meesters" graag 'n bietjie later wil slaap om uit te rus — die akademiese druk is maar swaar op die hardwerkende Matrieks.

**Wat is 'n huis sonder 'n hoeksteen?**

Die koshuisvader, mnr H van Huyssteen, neem die sesse onder sy beskermende vlerk en verbied alle vorme van ontgroening. Slegs 'n beperkte vorm van "oriëntering" word toegelaat om die nuwelinge in te skakel. Loggies en Jacques (verspring) het dadelik van "ontgroening" vergeet en die "oriëntering" ten beste geniet.

Na die voorstellingsparade was die ergste vir die "skilfers" verby en was hul tuis . . .

## TOT SEUNSHOËR SE ONTSTELTENIS

**Die Afrikaanse Hoër Meisieskool het hierdie jaar die beker ontvang vir die hoërskool wat die meeste paasseëls gedurende 1985 verkoop het.**

Dié betrokke beker is op Vrydag, 7 Februarie by die Administrateurswoning in Pretoria in ontvangs geneem deur die hoofprefek en die twee vise-hoofprefekte. Tydens 'n keurige en gesellige geleentheid, het hulle ook die eerste paasseëls aan die burgemeestersvrou van Nelspruit verkoop. Verskeie ander burgemeestersvroue, asook lede van die Kreupelsorg was teenwoordig. Kallie Knoetze en Mike Schutte was die twee eregaste met die grootste monde en die meeste grappe.


Seunshoër was merkbaar ontsteld toe hulle verneem het dat hulle nie weer die beker gewen het nie. (Hulle het dit in 1984 verower). Die Meisies rig dan ook 'n uitdaging aan die Seuns; en hulle waarsku dat hulle alles in die stryd gaan werp om weer te wen!

## GESKIEDENISKASKENADES

"Ek sê julle ek het net 'n uur 'geswot', vanoggend. Ek het nie 'n 'clue' wat daar aangaan nie!"
"Jy het darem nog 'geswot'. ek het dit net een keer deurgelees."
"Jy gaan bars!"
"Die middellandse Entente was mos van Italië, Brittanje en Duitsland né?"
"Daar was nie so iets nie en Duitsland was nie daarin nie — Oostenryk was."
"Frederick die derde is mos daai ou wat mal geword het, of so iets."
"Jy moes nie van hom 'geswot' het nie."
"Issie, man!"
"Is!"
"Wie van julle ken die kaart?"
"KAART! Moes ons 'n kaart geken het?"
"Die ander klas sê hulle moes dit leer."
"Sherbet', waar's my handboek, wie't my handboek? Ek soek my handboek, asb!"
"Triieeeng!
"Gou maak! Hardloop! Dink aan ons, seblief! Moenie so draai daar voor nie!"

## VRYDAG, POUSE — IN DIE BESIGE LEWE VAN 'N ST 9

A: "Het jý vir my geld? Ag toe, nét vyftig send! Ek bring dit môre vir jou terug."
S: "Môre is Saterdag en ek gaan ongelukkig nie op Saterdae skool toe nie!"
A: "Ag, ek bedoel Maandag!"
S: "Nee, ek het ongelukkig nie vir jou geld nie. Vra vir Rita — ek dink hulle sit sonder die bome."
A: "Watter boom?"
S: "Dáár iewers."
A: "Ag, toemaar. In elk geval, dankie."
C: "Het jy al jou Wiskunde-huiswerk gedoen?"
H: "Nee, ek het my boek by die huis vergeet én ek kon nie die somme doen nie. Ek dink Rita het dit."
C: "Weet jy dalk waar hulle sit?"
H: "Ek dink hulle sit iewers by die snoepie rond."
C: "Nee, ek was nou net daar en hulle sit nie meer daar nie."
H: "Dan weet ek nie. Gaan soek maar."
C: "Dankie".
B: "Sal jy vir my snoepie toe gaan? Ek soek 'n Bar One, 'n Coke en 'n pakkie "Fruit Chutney".
K: "Nee, ek het gister gegaan. Ek dink dis vandag jóú beurt, Rita."
R: "Nee julle, ek kan nie gaan nie, Ek het nie eers vyftig sént aan my lyf nie én ek moet nog my Wiskunde — huiswerk doen. Juffrou maak my dóód vandag!"
**Deur: Ek-sal-weet-want-ek's-self-ook-in-st.-9.**



*"Leader of the Pack"*

# SÊ-GOED VAN ST 9

Liesel: "Muis" is oulik nê? Moet jy nie bekommerd wees nie — ek sal hom vanaand gelukwens!
Janine: OK — so lank ons net nie hoef te hardloop nie!
Deidré: Toemaar — volgende jaar wys ons hulle.
Sonja: Ek sal hulle wys! Dit is nou hulle "Great Finalé"!
Liza: Toemaar ek het ook nie gehoor wat Juffrou gesê het nie.
Anna-Maria: Julie . . . julle, ek het alweer vandag 3 pakke chips opgeëet!
Andrea: Philip kon nie saamgaan nie — hy het 'n Eerstejaarskonsert gehad.
Juanita: Toemaar volgende jaar sal hierdie skool 'n verandering ondergaan.
Rochelle: Ek gaan dit pers "dye" en dan 'n batik hiervan maak . . .
Marcelle: You know WHAT? I'm gonna hardloop my dood in the LO-klas!
Anya: Jipieee . . . Daar is vanaand 'n "sing-song" en hierdie keer kom ek.

## SÊ-GOED VAN ST 9-ONDERWYSERESSE

Mev Dorey: Het daar al êrens 'n probleem opgeduik? En waar is die laaste som? Pouse!
Mev Pienaar: My kind . . .jy moet dit NOOIT aan my doen nie. Daar is niks wat my so kwaad maak as 'n kind wat haar boeke vergeet nie!
Mev Raath: Kom nou mense dis tyd dat ons weer 'n bietjie werk. Anne-Maria en Andrea kom sit hier voor, julle hou Rochelle uit die werk uit.
Mej. Bothma: Julle gaan daai harlekynpakke aantrek as julle LO-klere nie hier is nie!
Mev Krüger: Ek hoop julle ken nou die verskil tussen die viool en die alt-viool!
Mev Whitlock: Julle daar agter . . . let net gou-gou bietjie op.
Mev Kuns-Prinsloo: Ag nee Marietjie man!
Mej Du Toit: As jy nie klaar tik in die klas nie, tik jy pouse of na skool. Moenie so bonnel daar agter nie!
Mev Gärtner: Dit help nie jy sê vir my wat is hier nie . . . as jou regte, boeke nie hier is nie — Vrydag na skool!

## WERK JOU MA?

**Ek sien haar wen, want sy is moeder — en beroepsvrou!**

Wie't gesê 'n werkende moeder gee haar kinders nie 'n behoorlike opvoeding nie? Wie't gesê beroepsvroue se kroos is intellektuele wrakke? Ja, werklik — Affies raak skoon opgewonde oor die feit of die beroepsvrou haar plek volstaan in die opvoedingsgebeure.

Op Vrydag, 7 Februarie het die Affieseuns tydens die jaar se eerste formele debat, die beroepsvrou onder die vergrootglas geplaas. Onder die voorsitterskap van Danie Brand is elke standerd in spanne gedeel en het hulle onder beoordeling teen mekaar gedebatteer.


Die debatteerders het mekaar behoorlik opgekeil en soms het gemoedere hoog geloop.

Vir baie redenaars was dit die eerste optrede in Affies, eerder die standerd sessies. Hoewel die senuwees bietjie gepla het en die kateder vir party ietwat hoog was, het hulle, hul goed van hulle taak gekwyt.

'n Baie suksesvolle aand, is afgesluit met die aankondiging van al die wenners.

Sou ek my opinie weer waag? Ek sien haar wen want sy is moeder én beroepsvrou?

LAASTE FASE IN DIE LEWENSIKLUS VAN 'N AFFIE



# DIS 'N LEKKER-LEKKER LEWE OM 'N AFFIE TE IS!

**En as ek vir eendag 'n Parkie kan wees . . .**

**Stroom-op het op Vrydag, 21 Februarie Menlopark besoek! Ons (Gené en Hedwig) het vroegoggend daar aangekom en is deur die skool gewys (dankie Bielie!) Ons is baie nuuskierig bekyk. Sommige het in stilte gewonder, ander het sommer reguit gevra wat ons nou eintlik kom doen het! Dr Van der Merwe, die hoof, het geopen in die vierkant en daarmee saam die twee Affies verwelkom. Nadat elke ondersyser sy of haar eie afkondiging afgelees het, het die Parkies vir ons een of ander spesiale (!) sportliedjie gesing en vandaar in klasse verdeel.**

Aanvanklik is daar net vergelyk en ons het vrae ontvang soos "Is julle onderwyseresse net so bang soos ons s'n vir die eksterne eksamen?" en "Hoe is dit nou eintlik in julle skool?" Wat die akademie betref, was dit Julius Caesar en Biologie en erdwurms en chemie. Affies, julle is seker baie nuuskierig! In die klasse sit die meisies en seuns so te sê apart. En hoe is dit met seuns in die klas? Wel, die meisies was baie stiller as die waaraan ons gewoond is, daar was nie 'n onnodige (maar tog baie lekker!) gegiggel nie (toemaar, Juffrou Bosman, ons is baie bang vir juffrou ók!) Die hele skool het gezoem oor die byeenkoms op Springs: oor die kanse wat Affies nou kwansuis teen Menlopark sou hê, oor hoeveel Parkies op Springs sou wees.

Pouse het die Eggo-redaksie (dit is Menlopark se skoolkoerant) ons ontmoet en na 'n paar minute se gesels oor Stroom-op, is ons gelaat om 'n Parkie-pouse te beleef. Behalwe dat die seuns die vierkant volstáán en nie juis in groepies sit nie, was dit nie baie anders nie. Pouses word daar ewe veel waardeer!

Menlopark is 'n unieke skool (én dis 'n gemengde skool . . .) Dit was 'n besondere dag wat ons daar deurgebring het en baie dankie, Juffrou Venter en dr Van der Merwe, dat u dit vir ons moontlik gemaak het.

Baie dankie ook aan die Parkies! Mag dit 'n mooi nuwe tradisie word! — Red.

# Stroom-op besoek Kuns-, Musiek- en Balletskool

Op Vrydag die 21ste Februarie het ons die kuns-, musiek- en balletskool besoek. Ons is hartlik verwelkom deur die hoof, mnr Greyling. Die hoofseun, Jannie het ons toe deur die skool geneem. Hulle is net so besorg soos ons oor hulle tuin. Die hoof se beelhouwerk word in die tuin uitgestal.

Die skool self is baie klein en het maar 300 leerlinge. Drama word hierdie jaar vir die eerste keer as vak aangebied vanaf St 8 en ons het die dramaklas besonder baie geniet. Die standaard van kuns-, musiek en ballet is baie hoog.

Daar word geen sport by die skool aangebied nie, maar dit demp nie hulle gees nie. Een dag per jaar gaan almal na NKP se swembad vir die groot kompetisie tussen ddie Spartane en Atheners waaraan almal deelneem.

Alles in die skool is baie spesiaal. Alle plakkate word deur die kunsleerlinge self gemaak, drama- en balletleerlinge lewer konserte en die leerlinge dra elkeen by tot die uniekheid van die skool. Dit is regtig 'n skool om op trots te wees en ons het die dag baie geniet. Baie dankie aan almal wat die dag moontlik gemaak het.

# DSG ST. MARY'S DIOCESAN SCHOOL FOR GIRLS

**Dié skool lê weggesteek agter mure, iewers in Duxburyweg. Die asemrowende tuine en skoolgeboue herinner aan 'n statige victoriaanse herehuis. Maar dadelik word jou vreemdelinggevoel deur die oorweldigende vriendelikheid en ontspanne atmosfeer van die DSG-meisies weggeneem. Jy voel vinnig deel van die groep.**


. . . en kom vinnig agter dat die klein ekstras hiér tel: pouses drink 'n mens koffie of tee met "sarmies and scones"! (Wat van 'n nuwe tradisie, matrieks?)

Die grootste verskil is natuurlik die veelrassige samestelling (DSG is 'n private skool). Die gevoel wat 'n mens kry om in dieselfde klas te wees as Swart en Indiërmeisies is werklik onbeskryflik. Skrikkerigheid en onsekerheid ("hoe tree ek op? wat sê 'n mens?") verloor 'n mens vinnig. Pouse het ons heerlik saamgesels oor politiek en flieks, verkramptes en swemgalas.

Nog 'n opvallende ding was die verbaasde "But your English is so good!", die huiwerige "where **is** Meisiehoër?" en die opregte "My Afrikaans is **dreadful!**" Nie een van die baie gesprekke is in Afrikaans nie!! Dit het ons weer eens laat besef dat daar 'n GROOT kommunikasiegaping in ons land is. Iets wat ons kan begin regstel deur 'n bietjie meer Afrikaans-Engelse kontak.

**Tyna Mössmer, 10D**



*Ruk koerant vinnig na regs om foto in fokus te kry*




WENVREUGDE
Saamjuig. Saamwees. Saamdoen. Saamstaan. Saamlekkerkry. Dis gesinwees. Dis werklike gesinsvreugde ervaar. Dis wenvreugde!

Rentmeester stel belang in u wenvreugde. Oor die jare het ons ons onderskei nie net as 'n wengroep nie, maar as die gesinsvriend met 'n wye reeks goeddeurdagte lewensversekeringspolisse wat in elkeen se behoeftes voorsien. En nou bied ons u

Die Madeliefie Gesinshulp Wennerpolis

'n Meesterplan om gesinshulp te verleen wanneer dit die nodigste is.

Verseker vir u en u gesin nou ook die wenvreugde van die Madeliefie Gesinshulp Wennerpolis. Tree vandag nog in verbinding met u naaste Rentmeesterkantoor.



Die Gesinsvriend

Rentmeester Versekeraars

PRETORIA Hoofkantoor Tel. (012) 28-5020 | BLOEMFONTEIN Tel. (051) 77-1523 | CARLETONVILLE Tel. (01491) 2329 | PORT ELIZABETH Tel. (041) 2-9311 | VEREENIGING Tel. (016) 21-1076/21-3730 | PRETORIA Streekskantoor Tel. (012) 21-8201 | WELKOM Tel. (0171) 7-1114


# Matriekonderwyseresse

Juf Swart: "Hou net lank genoeg aan, en julle sit Vrydag."
Mev Van den Heever: "Kinders, julle skryf eksterne eksamen. Nou ek weet nie wat die man julle gaan vra nie, daarom moet ons álles weet!"
Juf Hönck: "Whazzat man?"
Mev Bosman: "Watse goeters is dit dié? Wat kry jy as jy x met x maal? Beslis nie 'n drieterm nie!"
Mev Smit: "Ja, ek wou ook kerm, toe ek by die vraag kom. Moenie dink dis net julle wat moeg is nie!"
Mev Kruger: "Absoluut! 100%!"
Juf du Toit: "Ag toe nou julle . . . ek het nog nie eintlik 'n stem nie!"
Juf Visser: "Daar het fout gekom met die video-aand, julle . . ."
Juf Smit: "Nou dogters . . ."

# RUGBY

**Affies eerste onderwyserspan**

| Mnre. | Affie eerstes |
|---|---|
| 15 Keyter | 15 D Smith |
| 14 Van Staden | 14 Marinkowitch |
| 13 Taljard | 13 Jumbo |
| 12 Van As | 12 Vlam |
| 11 Karl Heinz | 11 D Warschkuhl |
| 10 Van Huyssteen | 10 Philip Page |
| 9 T L P Kruger | 9 Zoop |
| 8 Dreyer | 8 Clayton |
| 7 Sheppard | 7 D Brits |
| 6 Swan | 6 E Swart |
| 5 Poerie van Rooyen | 5 D de Beer |
| 4 Deysel | 4 M v Straten |
| 3 Myburgh | 3 D Engelbrecht |
| 2 Edwards | 2 Samoosa |
| 1 Vermeulen | 1 G Kolbe |

# ONCE UPON A SONG


When you GET INTO THE GROOVE, you will meet a TARZAN BOY, who will tell you that AROUND MY DREAM last night I dreamt it was A MAN'S WORLD. Then he realised that GIRLS ARE MORE FUN; he didn't know then that SISTERS ARE DOING IT FOR THEMSELVES. He met a girl, whom he liked and although THEY SAY IT'S GONNA RAIN, he knew that the SUN ALWAYS SHINES ON TV. THE girl believed in SEPERATE LIVES, but at last told him: SAY I'M YOUR NUMBER ONE. But he knew that the GOING GETS TOUGH and that a GOOD HEART THESE DAYS IS HARD TO FIND, so he simply said: HIT THAT PERFECT, HIT THAT PERFECT, HIT THAT PERFECT BEAT BOY!

# Die Springs-byeenkoms


Dit was pouse. Dit was warm. Dinsdag, die week net nog niks opgelewer nie en die meeste Affies was moeg en siek en sat. Die meerderheid se pousebroodjies was op en die ander se snoepiegeld het by die huis gelê. Die dirigente het voor die skool gestaan en manewales aanvang, nuwe liedjies probeer leer, maar nouja, dit was rerig vrééslik warm. Dis toe net hier waar die gerugte oor 'n moontlike atletiekbyeenkoms op Springs menige Affie van para-selfmoord gered het! En die opswepery het begin. "Gaan jy Springs toe? Ag nee, hoekom nie? Kom ons gaan, man!" Naderhand was dit nie meer 'n kwessie van wil of nie wil nie. Baie menigtes het die verlorenes en besluitloses saamgesleur. Almal het op 21 Februarie die 9 busse bestyg en in 'n blou-en-wit massa op Pam Brink toegesak.

Die Affies was nie meer bekommerd oor watter TV-programme nie gevolg sou kon word nie, of watter skade aan hulle stembande aangerig sou word, of presies hóé laat hulle weer die volgende oggend by die huis sou aankom nie. Hulle het net gesing en gesing en geskree en pragtig vertoon. Die dirigente met hul hokkierompies, wit tekkies en gekleurde hemde het nie vir een oomblik verslap nie en dalk was hierdie puik gees die rede vir Affies se skitterprestasie op die atletiekveld. Hoe later, hoe kwater. Sommige buurskole het van orkeste gebruik gemaak, ander het op die pouse staatgemaak om gees te bou, maar aan die linkerkant was nie een van bogenoemde dinge nodig nie. Dit het niemand eintlik verbaas dat die Affies op die ou end triomfantlik uit die stryd getree het nie! Dit was 'n heerlike byeenkoms, vir baie die laaste vriendskaplike byeenkoms op hoërskool en vir ander net 'n baie lekker Affie-dag.

(Atlete, julle het geskitter! Red.)



*Buks Moolman van Affies se eerste Tennisspan in aksie*




*Quinton Blake van Affies in die 1500m op Springs.*

# HUISSPORT

**Soos altyd, was die huissport van 1986 weer die begin van 'n nuwe atletiekseisoen; as't ware 'n uitsifproses en 'n toets vir dié wat hard gedurende die vakansie geoefen het, om te bepaal wat hulle vir die komende seisoen kan verwag.**

Teleurstellend egter, was die feit dat die pawiljoene taamlik leeg was en dat die puik gees van vorige jare, afwesig was. Teen die einde van die dag was daar geen teken van sekere spanne nie, alhoewel daar geen tekort aan geesdrif by die dirigente was nie. Nieteenstaande die gees op die pawiljoen, het die atlete hul bes gelewer en was daar talle puik prestasies. As gevolg van hul hoë punte op die Sasol-puntetabel, is Anoet van der Berg en Alita Kruger onderskeidelik as die junior en senior Victrix Ludorum aangewys.

Uiteindelik was dit huis Malherbe wat met 'n skrale 6 punte oor huis Steyn geseëvier het. In die kompetisie om die geesbeker, het die Rooies kop en skouers bo die ander uitgestaan en 'n welverdiende oorwinning behaal.



*Louis Kleynhans, 0/19 verspring van AHS.*


# TENNIS

**Affies het vanjaar weer soos die vorige jare diepte by sy tennisspelers. Alhoewel ons 'n hele paar goeie spelers verloor het, het ons 'n hele paar belowende jong tennisspelers bygekry. Dat Affies vanjaar weer 'n krag in die tennis sal wees, word bewys deur die feit dat drie spelers van verlede jaar se administrateursbekerspan oorgebly het. Verder het daar ook belowende spelers van die TS afdeling na die bo-15 afdeling verskuif. Hierdie spelers vorm nou die basis waarop volgende jaar en die jare daarna se spanne gebou sal word.**

Die eerste groot kompetisie waaraan Affies hierdie termyn deelgeneem het, was teen die sterk span van Grey-kollege. Grey-kollege het drie seniorspanne en twee juniorspanne nl 'n T4 en TS-span na Affies gestuur. Verlede jaar het Grey met naastenby dieselfde spanne Affies 'n lelike drag slae toegedien. Hierdie jaar is die bordjies byna verhang.

Die onder 14-15 spanne se uitslae was taamlik gelykop deurdat die onder 14 span gewen het en die onder 15 span verloor het. By die bo-15 afdeling het dit ook gelykop verloor. Die 3e bo-15 span het verloor terwyl die 2e span gewen het. Die uitslag van die 1e span se wedstryd was tot in die laaste minute in die weegskaal. Ongelukkig wen Grey toe die wedstryd en wen daarmee die 1e span met 5 wedstryde teenoor 4. As in gedagte gehou word dat Grey-kollege se span Affies verlede jaar met 9-0 gewen het, beloof hierdie jaar om een van die bestes ooit te wees.

Gawie Kolbé.



*Phillip Oosthuizen, kaptein van Affies se eerste Waterpolospan.*

# WATERPOLO

**Die Waterpoloseisoen het goed begin met heelwat nuwe spelers wat hulself kom aanmeld het.**

Daar is van die staanspoor af hard begin oefen. Eamon Swart en Johan de Klerk het waardevolle balhateringstegnieke en ander speltegnieke tydens oefeninge onder die spelers se aandag gebring.

Die eerste wedstryd was 'n vuurdoop. Hierdie wedstryd teen Grey-Kollege het sterk kompetisie gebied. Grey het daarin geslaag om AHS met 10 doele teenoor 5 te klop. Drie van die doele is deur Eamon Swart aangeteken.

Die volgende kragmeting was teen Menlopark. AHS se eerstespan slaag daarin om Menlopark met 8 doele teenoor 6 te klop. Philip Oosthuizen teken 5 van die 8 doele aan.

Die tweede span lewer ook goeie spel en is besig om hard te oefen.

Daar word beplan om later in die seisoen nog teen St Albans te speel asook Boys High.

Verlede jaar het AHS twee N Tvl spelers opgelewer. M E Swart en P Oosthuizen. Dieselfde word van vanjaar verwag.

(Eamon Swart en mnr J.H. Nel.)


# KRIEKET

**Vol verwagting het die krieketspelers onder die bekwame en wakende oog van mnr Arrie van Deventer begin oefen.**

Klein foutjies is uitgeskakel en in 'n vriendskaplike wedstryd teen die Hoërskool C R Swart het die Affies hul slag gewys. Affies het eerste gekolf en behaal 160 lopies vir die verlies van 5 paaltjies in hul toegelate 30 boulbeurte. C R Swart is vir 90 lopies uitgehaal.

Affies het skoonskip gemaak van die ligawedstryde maar teen Menlopark het die eerste span met 20 lopies verloor.

Die eerstespan moet nou teen die Hoërskool C R Swart in die semifinaal te staan kom. Indien die Affies wen, speel hulle weer teen Menlopark in die finaal.



*Affies se eerste krieketspan in aksie, met Rudi Brits aan die kolf.*



# AFFIESWEM

**Die droogte en baie stof strek Grey-Kollege tot voordeel. . . die manne spoel baie stof in die swembad af. Hulle kán swem, né, Affies!! Maar Jannie wil blykbaar nie swem nie!**

*Die Affieswemmer in aksie tydens die gala, teen Grey van Bloemfontein.*


# SPORTMAN VAN DIE TERMYN

**Cornelis Wilhelmus van As is op 27 Januarie 1969 in Pretoria gebore.**

## NOORD-TRANSVAAL-KLEURE

Corné verwerf reeds in st 2 Noord-Transvaalkleure in gimnastiek en hy hou vol met dié prestasie tot st 8.

Muis, soos by die Affies bekend, is ook 'n aktiewe rugbyspeler, maar sy groot liefde is atletiek. Aan die einde van st 6 begin hy onder die bekwame leiding van mnr André Swart, paalspring. In sy st 9-jaar neem hy deel aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe waar hy 'n negende plek behaal. Matriek begin op 'n hoë noot, want tydens die Interhuis verbeter Muis die Suid-Afrikaanse paalspringrekord met 'n goeie 13 cm.



CORNÉ VAN AS

# INTERHOËR-REKORD SPAT

Tydens Interhoër verbeter hy sy beste hoogte asook die Suid-Afrikaanse rekord en spring 'n fenominale hoogte van 4,10 m — 12 cm hoër!

Sy aansporing kom hoofsaaklik van sy vriende en meisie wat hom getrou ondersteun. Corné oftewel Muis skryf sy sukses toe aan sy geloof en vertroue in God. Sy motivering ontvang hy van sy ouers en afrigter.

Corné hoop om eendag Springbokkleure in atletiek te verwerf — met 'n leuse soos: "Wil, moet, sal, kan en gaan!" — hoe anders? Die Affies hou hom dop en hoop saam met hom dat hy sy hoë hoogtes sal bereik.

Rankin le Roux

**Laat berig: Saterdag, 15 Maart, verbeter Corné sy eie nasionale paalspringrekord vir 0/17 tot 4,70m.**

# Het ons 'n toekoms saam?

**Interhoër het gekom en gegaan. Die uitslae oor die algemeen het nie veel verskil van 1985 s'n nie. Die seuns was weer eerste met die atletiek en die meisies vyfde. Waar ons verlede jaar saam laaste met die geesbeker was, was die seuns alleen laaste en het ons die vierde plek gekry. Ons punte saam was weer eens meer as die van enige ander skool. Tog ontbreek daardie bruisende gevoel van laasjaar.**

Die ander skole het gekla dat ons saam te groot is. Dat 'n skool soos Waterkloof so iets kan sê, gaan my verstand te bowe.

Ander klagtes is dat die Seunskool die Meisieskool laat wen. Dit is waar dat, hoewel Meisiehoër sy plek in die A-bond verdien, hy nog nie verdien om te wen nie. Daar is egter baie skole waar die seuns heelwat sterker as die meisies is, of waar die meisies die sterkste is (soos byvoorbeeld Menlopark).

Al is ons nie regtig een skool nie, sou dit lekker gewees het om teen ander seuns- en meisieskole soos Hugenote en Helpmekaar deel te neem. Dit is ongelukkig onprakties. Kan die ander skole ons dit nie gun dat ons punte saam tel nie? Dit is sleg om net vir 'n seuns- of meisiestotaal mee te ding as al die ander skole vir die groot beker veg.

## Nog 'n Admin op pad?!

**Sedert November 1985 is dertig toegewyde rugbyspelers, onder leiding van mnr Poerie van Rooyen, besig om top-fiks te word.**

Middag vir middag word daar geoefen — tot die velle waai op die gevreesde "Blou masjien". Woensdae word bulte oftewel **berge** uitgehardloop, éérs 'n skrale 10 km, later 15 km en nou word "20 km" lag-lag kafgedraf!

Die Admin is nog nooit drie maal agtereenvolgens deur dieselfde skool gewen nie — Affies het hom nou reeds twee jaar in sy besit. . . Dus is die jaar 'n besondere jaar — Affies wil weer die eerste wees om die eer te beurt te val om dié gesogte trofee Affies toe te bring — huis toe!

## SPRINGBOK

**Stoei: Mnr Marius Voges**

Mnr Marius Voges word gekies as die spankaptein van die Springbokspan vir deelname aand ie SA-Spele. Daar is ook internasionale uitnodigings vir deelname gerig. Die byeenkoms sal in April in Johannesburg plaasvind.

Hy stoei in die onder-82 kg gewigsgroep.

(Red. Die Affies wens mnr Voges net die beste toe vir sy stoeiloopbaan.)



*Alita doen dit weer*

## Die atlete sê Dankie

Stroom-op het van die Affie-atlete verneem hoe dankbaar hulle is vir al die ure wat die afrigters in die bloedige son moes deurbring om die atletiekspan reg te kry vir die Interhoër. Hulle spreek hulle innige dank uit en waardeer dit regtig baie. Hulle is veral dankbaar dat die afrigters bereid was om nie slegs hul namiddae nie, maar ook hul kosbare Saterdae op te offer. Met soveel toewyding sal daar eindelik beloning wees.

# SPORTVROU VAN DIE TERMYN

**Op die vraag: "Wie is die sterkste meisie in die skool" sal daar uit almal se monde dieselfde antwoord kom: Sunette Swart. Na aanleiding van Sunette se puik prestasies die afgelope atletiekseisoen, het Stroom-op 'n paar vrae aan haar gestel om meer uit te vind oor haar oefenprogram en oor haarself.**


Stroom-op: Hoe lank neem jy nou al aan atletiek deel?
Sunette: Vandat ek kan onthou! Om presies te wees, 6 jaar.
Stroom-op: Wanneer en in watter item het jy vir die eerste keer N-Tvl-kleure verwerf?
Sunette: Ek het die jaar toe ek begin het met gewigstoot, ek was toe onder elf, N-Tvl-kleure verwerf.
Stroom-Op: Interessantheidshalwe, wat is jou beste afstande?
Sunette: My verste in 'n kompetisie was 11,75 m en met 'n oefening 12,59. Ek wens net dit was 'n byeenkoms die dag toe ek so ver gestoot het!
Stroom-Op: Jy vaar mos besonder goed in skyfwerp ook; vertel ons meer daarvan.
Sunette: Partykeer gaan dit goed en partykeer minder goed! Tot dusver was my beste afstand 31,92 m, maar ek sal vreeslik graag 35 m wil behaal!
Stroom-Op: Wat is jou grootste motivering?
Sunette: Definitief my afrigter, Christo Stander.
Stroom-Op: Wat was jou grootste oomblik nog op die atletiekveld?
Sunette: Dit was 'n groot oomblik vir my, toe ek vir die eerste keer my N-Tvl kleure verwerf het. Daar was egter nog 'n hoogtepunt toe ek in 1985 op die SA-Kampioenskappe, as O/15-atleet, 'n sesde plek in die O/16-ouderdomsgroep behaal het.
Stroom-Op: Vertel 'n bietjie meer van jou oefenprogram!
Sunette: Ek oefen 5 dae per week; Maandae, Woensdae en Vrydae in die gimnasium en Dinsdae en Donderdae tegniek. Daarby is ingesluit 30 meters vir spoed in die ring.
Stroom-Op: Nou iets meer persoonlik; van watter musiek hou jy?
Sunette: Ek is mal oor Bruce Springsteen!
Stroom-Op: Van watter kos hou jy en eet jy iets spesiaals voor jy deelneem?
Sunette: Ek sal enigtyd hoendervleis eet. Noudat ek daaraan dink, glad nie 'n slegte plan om dit te eet voordat ek deelneem nie! Nee, eintlik gee ek glad nie om wat ek voor 'n byeenkoms eet nie, net solank ek daarvan hou!
Stroom-Op: Het jy 'n troeteldier?
Sunette: Natuurlik! 'n Pragtige Maltese poedel, Jasper.
Stroom-Op: Om mee af te sluit, wat is jou oogmerk vir die toekoms?
Sunette: In 1986, hierdie jaar, wil ek graag die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe wen en vir die toekoms. . . soos vir menige atlete lok die groen en goud!

Stroom-Op wens vir Sunette sterkte toe en ons glo dat haar wens vir 1986 waar gaan word.


SUNETTE SWART




ALWYN KALTWASSER



SONJA MOSTERT



GERHARD VORSTER



*Goed, Beter, Beste. . .*